



## My Barbiepop, ek wil nie...

**Na aanleiding van die tragedie wat hom op 1 Februarie by Hoërskool Driehoek afgespeel het, het die redaksie dr Wimpie van Schoor van Primrose-Oos gevra om te skryf oor die gevoelens van 'n ouer wat 'n kind verloor het. Hy het hierdie teks geskryf presies een jaar na die dood van sy dogter, Janika.**

Teken in op  
 blitspos  
 Stuur 'n e-pos na  
 karen@nhk.co.za

Ek wil nie hoor dat ek jou *eendag in die volgende lewe gaan sien* nie. Ek wil nie 'n leeftyd wag om jou weer te sien nie. Ek wil jou vandag sien. Nou.

Ek wil nie hoor dat ek *herinneringe het* om te koester nie. Ek wil nie herinneringe hê nie. Ek wil herinneringe met jou máák.

Ek wil nie hoor dat *tyd genees* nie. Tyd is nie 'n pleister nie. Tyd sal nooit die leë plek wat ek my hart noem, genees nie.

Ek wil nie hoor *dat alles met 'n rede gebeur* nie. Ek kan aan géén rede dink nie. Die brutale vernietigingstog van kanker in 'n tienerlyf is redeloos.

Ek wil nie hoor dat ek *sterker anderkant sal uitkom* nie. Ek gaan nie. Eenvoudig. Ek is 'n dop wat voortstropel. 'n Dop van te veel woede, te veel hartseer, te veel verlange.

Ek wil nie hoor *jy het darem ander kinders* nie. Daar is nie 'n silwer randjie aan jou dood nie. Ek was nie bereid om eers één te laat gaan nie.

Ek wil nie hoor *jy moet die pad loop* nie. Die pad is nie een van wanhoop nie. Dit is een van leeg. 'n Donker leeg. 'n Diep leeg. 'n Warboel leeg. 'n Groot leeg. 'n Stil leeg. 'n Leeg sonder 'n aardse einde.

Ek wil nie hoor *God het sy mooiste blom gepluk* nie. Geplukte blomme is dood-in-wording. Ek wil jou in my tuin hê.

Ek wil nie hoor *dat jy nou by God is nie... veilig in sy arms... 'n engel in die hemel*. Ek gee nie om waar hulle sê jy is nie. Ek wil jou hier hê. Hier. Hier by my. Ek wil jou sien, jou aanraak, jou hoor, met jou praat en somer net in stilte saam met jou sit. Dit maak niks beter om te hoor dat jy in die hemel is nie.

Ek wil nie hoor *dat jy altyd by my is* nie of *dat jy afkyk na my* nie. Ek kan nie die onsigbare sien nie. Ek wil jou nie hê as my beskermengel nie. Ek wil jou van aangesig tot aangesig hê. Ek wil jou asemhaling sien en jou hartklop hoor.

Ek wil nie hoor *die lewe moet aangaan* nie. Die lewe sonder jou... ek wil nie hoor dat ek moet sterk wees nie. Ek wil nie tranes hê nie. Die pyn is ondraaglik. Soms kan ek skaars asemhaal.

Ek wil nie 'n rede hê om te treur nie. Ek wil nie worstel met die pyngedagte nie.

Nuus, berigte en  
 kort kommentaar  
 (uiters 100 woorde)  
 aan  
 produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die  
 Hervormde Kerk  
[www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Indien u nie weer  
 blitspos wil  
 ontvang nie,  
 stuur 'n e-pos na  
 karen@nhk.co.za

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

- o Donderdag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (Kempton Park-Oos), HP (Herman) Meyer (beroepafwagting) en A (Aniena) Jansen van Rensburg (Hartbeesfontein)
- o Vrydag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (beroepafwagting)
- o Saterdag 2 Maart: Di JM (Johan) Delpont (emeritus), C (Carli) Fourie (Noordwestelike Pretoria) en EG (Etienne) Fourie (Kempton)
- o Maandag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (emeritus)
- o Dinsdag 5 Maart: Ds JPC (Jasper) van der Westhuizen (Randfontein Midpark)
- o Woensdag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delpont (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (Swartkop)
- o Donderdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (beroepafwagting)



Dr Kálmán en mev Leoné Papp



Prof Natie van Wyk



Ds Maryka Potgieter



Ds Mariaan Beukes



Ds David du Plessis

## Gemeentes en bediening

- Die **boekwinkel by Derdepoort** sal **gesluit wees van Maandag 4 tot Woensdag 6 Maart** vir voorraadopname. E-posse kan nog gestuur word, maar geen oproepe sal gedurende dié tyd beantwoord word nie.
- **Dr Kálmán Papp** tree aan die einde van Februarie finaal uit diens by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die verantwoordelikheid van die deelydse pos wat hy sedert Maart 2018 beklee het, word op 1 Maart oorgeneem deur **dr Sanrie de Beer**. Alle BSA-ervante korrespondensie moet voortaan aan **dr Gerhard Lindeque** ([lindeque@biblesociety.co.za](mailto:lindeque@biblesociety.co.za)) gerig word. Dr Papp en sy vrou, Leoné, verhuis gedurende Maart na die Wes-Kaap en sy e-posadres verander op 1 Maart na [pappkd@gmail.com](mailto:pappkd@gmail.com). Sy telefoonnommer bly dieselfde (083 703 3773).
- Die jaarlikse opening van die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** het op 20 Februarie in die kerkgebou van Philadelphia plaasgevind. Die erediens is deur dr Tanya van Wyk gelei, waarna dr Wim Dreyer 'n voordrag oor die *Marginalia* by die teologie van **prof Natie van Wyk** gelewer het. 'n *HTS*-huldigingsbundel wat aan prof Van Wyk opgedra is, is tydens die geleentheid aan hom oorhandig.
- **Ds M (Maryka) Potgieter** van Rooihuiskraal (deelydse) het 'n beroep ontvang na Newlands (benoeming).
- **Ds ME (Mariaan) Beukes** van Meyerton/Meyerton-Suid (deelydse) het 'n beroep ontvang na Sonlandpark (deelydse).
- **Ds DZ (David) du Plessis** (emeritus) het die beroep na Wonderboom-Suid (benoeming) aanvaar – hy is verlede Sondag daar bevestig.
- **Gemeente Bronkhorstspuit:** Vanaf Donderdag 28 Februarie is [nhbhs@nhk.co.za](mailto:nhbhs@nhk.co.za) die enigste e-posadres vir die gemeente. As gevolg van die verwisseling van diensverskaffer gaan die gemeentelike kantoor se telefoon (nommer 013 932 2929) vanaf Donderdag 28 Februarie buite werking wees. Kontak asseblief een van die volgende persone: Dolf 073 908 5787; Rina 083 718 6165 (Maandag en Vrydag) of Gerda 082 323 1193 (Dinsdag en Donderdag).
- **Gemeente Bronkhorstspuit** vier op **Saterdag 6** (basaar) en **Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / [nhbhs@nhk.co.za](mailto:nhbhs@nhk.co.za).

- Die vergadering van die **ring van Pietermaritzburg** se datum het met een week aangeskuif en sal nou plaasvind op **Saterdag 13 April** by Gemeente Richardsbaai.
- Die vergadering van die **ring van Bothaville** op 1 en 2 Maart vind nie plaas in Bothaville nie, maar in Welkom, by Gemeente Goudveld.
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com) of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617. Mnr Louw skryf soos volg: *Ek wil graag baie dankie sê aan gemeentes wat ons gehelp het sodat ons op YouTube na hul dienste kon kyk. Ons doen dit steeds as 'n predikant nie hier kan preek nie. Baie dankie aan ons mede-Hervormers wat ons gehelp het.*
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@gmail.com](mailto:nhkdullstroom@gmail.com) om die Sondag te bevestig.

## Vergaderings

- |                      |   |
|----------------------|---|
| • Saterdag 2 Maart:  | Rata Speciale Ledevergadering                                   |
| • Woensdag 6 Maart:  | Plesion Direksie  |
| • Donderdag 7 Maart: | Kommissie van die AKV   |
| • Vrydag 8 Maart:    | Kommissie van die AKV   |
| • Saterdag 9 Maart:  | Kommissie van die ADV<br>Rata Speciale Algemene Jaarvergadering |

## Toerusting

- **Gemeente Randburg: Werkwinkel oor Bybelse opvoeding**  
**Raise up a child**  
**Vrydag 8 Maart 19:00-21:00**  
**Hervat Saterdag 9 Maart 09:00-15:30**  
R350 per paar (peuselhappies Saterdag ingesluit)  
Bevestig voor 2 Maart vir voorbereidings en die aankoop van leermateriaal  
Dui aan of u 'n kinderoppasser wil gebruik  
Kontak Roy McEwan by 083 687 4512  
[roy@6thsensesecurity.co.za](mailto:roy@6thsensesecurity.co.za)
- **Polsslag van die jeug**. Dit is nie altyd so maklik om die harte van die Kerk se jongmense te peil en te verstaan nie. Die **Kernkomitee vir Gemeentelike Bediening** het tydens 'n gesprek op 28 Januarie besluit om 'n bosberaad te reël waartydens in diepte oor die hartklop of polsslag van ons jeug besin sal word. Die bedoeling is om werklik buite die normale grense van jeugbediening te beweeg. Die gevolgtrekkings wat gemaak word en navorsing wat daarvoor gedoen word, sal ter geleger tyd met die Kerk gedeel word. Dit is ook 'n goeie geleentheid om suksesverhale met mekaar te deel. Die **Bosberaad sal van Dinsdag 30 April vanaf 17:00 tot Woensdag 1 Mei 17:00** by **Venterskroon-kampterrein** plaasvind. Daar is reeds 'n paar jong predikante, jeugleiers en ander kundiges betrek om hierby betrokke te wees. Ons versoek veral dinamiese en kreatief denkende jongmense en jeugleiers om saam met ons te kom kuier. Indien u belangstel om die Bosberaad by te woon, kontak David Barnard by 083 4411 789 of stuur 'n e-pos na [davidbarnard@mweb.co.za](mailto:davidbarnard@mweb.co.za).

## 'n Gedig

### Die enkeling


Ek reik my hand uit,  
raak die niks aan,  
sit ingehok, alleen,  
kyk na die sterre,  
klein en afgesonderd,  
elk in sy eie wêreld,  
volkome ver en star.

O Heer, verlos ons van die bouse,  
die oppermagtige verlatenheid.

### Ernst van Heerden

(Uit: *Tyd van verhuising*, 1975)

## Barmhartigheid

- 
- In 2019 is die **Wêreldbiddag vir Vroue** al vir 132 jaar ononderbroke deel van 'n wêreldwye ekumeniese beweging waar vroue regoor die wêreld bid vir alle vroue in ander lande vir elkeen se unieke omstandighede en behoeftes. Die Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar internasionaal gevier op **Vrydag 1 Maart**. Die tema, **Kom – alles is gereed!** nooi alle vrouelidmate om deel te neem aan hierdie jaarlikse biddag vir vroue. God se genade en liefde is so groot vir elkeen van ons, al verdien ons dit nie, en ons is almal welkom om by sy tafel aan te sit. Dit is dan ons roeping, as vroue, om hierdie boodskap verder uit te dra in ons land, gemeenskappe en gemeentes. Ons moet God se liefde en genade uitleef in die wêreld om ons! Sien *Konteks* se Januarie/Februarie 2019-uitgawe vir die volledige artikel.
  - **Sondag 3 Maart** word 'n **spesiale deurkollekte** in gemeentes opgeneem vir die **Diakonale Pleegsorghuise**. Enige navrae oor die DPS-huise kan gerig word aan die bestuurder, mnr Otto Viljoen, by [kinderhuise@nhk.co.za](mailto:kinderhuise@nhk.co.za) of 012 322 8885 x3110. Besoek ook gerus die webblad [www.pleegsorg.org.za](http://www.pleegsorg.org.za).
  - **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
  - **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.
  - **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
  - **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**  
**Lewensreg te koop**  
2-slaapkamer @ R560 000  
1½-slaapkamer @ R520 000  
1-slaapkamer @ R515 000



Groot tuine om in te ontspan  
Geen versorging  
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)  
012 329 4318 / 084 920 8723

## Deo Gratia-aftreeoord

**Is dit tyd vir afskaal? Dan is Deo Gratia-aftreeoord, sentraal geleë in die gewilde ooste van Pretoria, in Garsfontein, die antwoord.**

- Vinnige toegang tot die snelweë.
- Naby Gautreinbushalte.
- Inkopiesentrums soos Menlyn en Menlyn Main, asook ander, om uit te kies bykans op ons voorstoep.
- Verskillende kerke binne stapafstand.
- Dokters, tandartse, 'n hospitaal en ander mediese dienste in die omgewing maklik bereikbaar.

Die oord bestaan uit 32 een-, twee- en drie-slaapkamer-selfsorgeenhede. Daar is tans 2 ruim drie-slaapkamer-eenhede (met 2 badkamers) en klein tuin beskikbaar.

Maak gerus 'n afspraak om ons te besoek en, al sou jy nie nou al gereed voel om kleiner te gaan nie, maak seker dat jou naam op die waglys geplaas word.

**Kontak die oordbestuurder, Renier de Beer, by 060 582 1578**


## Kerklike publikasies



- Die **Maart 2019-uitgawe van Konteks** sal die laaste wees van ons gesinstydskrif wat die afgelope bykans 30 jaar aan lidmate groot vreugde en inspirasie gebring het. Gemeentes moet mev Sarie Roux asseblief dringend by 012 322 8885 x3025 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za) laat weet of hulle ekstra eksemplare van dié geskiedkundige uitgawe wil ontvang.
- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen **R90 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za). Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Kaapstad: Vrydag 1 Maart vanaf 16:00 Kosfees op Melkbosstrand**  
Robbenweg oorkant die Melkboskliniek  
Heerlike Kaapse kerrie-en-rys, pannekoek, afval, vetkoeke  
Koektafel, bobotie, nagereg  
Hollandse tafel met krokette, koffie en tee, en vele meer  
Navrae: Gert Viljoen 076 286 3281
- **Om die berg vir Bybels.** Fietsryers wat nog 'n inskrywing soek vir die **2019 Kaapstad-fietstoer van Sondag 10 Maart** kan deel word van die **Bybelgenootskap (BSA) se Trap vir Bybels-span**. Die BSA het vanjaar meer (40) plekke beskikbaar, maar omtrent die helfte daarvan is reeds geneem. Ryers kan kies tussen vier pakkette wat strek van R1 300 tot R2 300 en wat 'n donasie aan die BSA insluit. Hierdie donasies is ter ondersteuning van die BSA se Bybel vir Armes-projek. Daar sal ook weer 'n BSA-stalletjie by die Kaapstad Fietstoerekspo wees waar ryers die fietsrytruie en geskenkpakke wat by hul onderskeie inskrywings ingesluit is, kan afhaal. Die Trap vir Bybels-fietsrytrui blyk gewild te wees onder fietsryers; hierdie truie sal ook by die stalletjie te koop aangebied word. Vir meer inligting oor hoe om deel te word van die Trap vir Bybels-span, kontak Corné Basson by 021 910 8788 of [basson@biblesociety.co.za](mailto:basson@biblesociety.co.za).
- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgolfdag**  
**Woensdag 10 April by Zwartkop-golfbaan**  
*Early Bird Special* voor 1 April:  
R1 760 per 4-bal of R440 per speler



Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler  
Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592  
Stephen 074 658 4630  
James 083 679 6633

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Herinner my daaraan, o groot Geneser,  
dat pyn en siekte,  
mislukking en teleurstelling en stres  
nié u straf vir ons foute is nie.  
Plaas my voete in sulke tye op die stewige rots  
van u belofte dat U altyd by my sal wees,  
selfs al gaan ek deur donker dieptes.  
En, Here, leer my die moeilike les  
dat elke donker uur 'n besondere geleentheid kan wees  
om u liefde en genade nóg nader te leer ken.

**René O Bideaux**

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)